**Dinsdag 15 Augustus**
**Skrifgedeelte: Matteus 12:1-8**
**Fokusgedeelte: Matteus 12:8**
**Hoe moet ons as Nuwe-Testamentiese Christene die Sabbat vier?**

Die Fariseërs en rabbi's het die bedoeling van die Sabbat heeltemal gemis. Hulle het daarna gestreef om aan God 'n "onberispelike" Sabbat te wy. Dit het daarop neergekom dat hulle God se guns en rus op 'n manier wou verdien.

Die Sabbat is nie 'n klomp "moenies" en "mag nie's" nie. Om te maal, is een van die 39 soorte werk wat volgens die Fariseërs nie op die Sabbat gedoen mag word nie, en dit is waarvan hulle Jesus se dissipels beskuldig het.

Jesus wys die Fariseërs daarop dat Hy "Here van die Sabbat is" en dat Hy daarom ook kan aandui wat die ware Sabbat is. Dit is beslis nie die wettiese interpretasie wat die Fariseërs daaraan gegee het nie. Jesus wys hulle daarop dat die Sabbat 'n dag van bevryding van die las van sonde is, 'n lewe van oorwinning in God.

Die viering van die Sabbat in die Ou Testament was 'n heenwysing na die vryheid, ontspanning en rus wat in God deur Christus ons deel kan word. Jesus het in die volheid van die tyd gekom om die vierde gebod volmaak te vervul. Daarom is ons feesviering van die Sabbat gefokus op Jesus se oorwinning van die dood met sy opstanding. Ons vier fees oor die vrede en rus wat God in Jesus Christus aan elkeen gee wat Hom as sy Verlosser en Saligmaker aangeneem het.

Die vierde gebod het nie verval nie. Ons kom dit egter nie op 'n wettiese manier na soos deur die Fariseërs voorgeskryf nie. Ons kom dit na deur fees te vier oor die verlossing en bevryding wat Jesus vir elkeen gee wat in Hom glo. Vier jy nog fees oor die rus wat jy in die verlossing van sonde deur Jesus ontvang het?

*Sing Psalm 116-1:1, 7*

*Ds. JG van der Walt (George) (emeritus)*